

Donderdag 17 Mei

Skrifgedeelte: 3 Johannes :9-15

Fokusgedeelte: 1 Johannes :11

Hoogmoed is nie bereid om diensbaar te wees nie

Diotrefes is nie bereid om Johannes se brief te ontvang en om die vreemdelinge te help nie. Hoogmoed is die rede vir hierdie optrede, want hy eien homself die reg toe om die leier te wees en gesag uit te oefen. Hy is nie bereid om dienskneg van Jesus te wees nie. Sy onwilligheid om die vreemdelinge te ontvang, is nie alleen 'n verwerping van hulle nie, maar ook 'n verwerping van die apostel Johannes se gesag. Hy wil die eerste wees in invloed en gesag.

So 'n optrede dui op hoogmoed en selfsugtigheid: hy versprei valse gerugte, hy weier gasvryheid vir sendelinge, hy verhinder ander in die gemeente wat gasvryheid beoefen en hy wil hulle selfs uit die gemeente sit. Hy is deur hierdie hoogmoedige, selfsugtige optrede besig om die gemeente van Jesus Christus groot skade aan te doen. Nie net die gemeen-te nie, maar ook 'n verhinderende in die uitvoering van Jesus se opdrag om dissipels te maak.

Johannes moedig Gaius aan om voort te bou op die goeie werk wat hy in die gemeente doen. Hy volg Christus se voorbeeld (1 Kor. 11:1). Daar is die bereidheid om te dien. Hy beklemtoon hoe belangrik dit is wie se voorbeeld ons volg. Om Gaius verder aan te moedig, noem hy die voorbeeld van Demetrius. Almal praat net goed van hom, hy is getrou aan die waarheid en Johannes self en die gemeente kan getuig van sy leef in die waarheid.

Leef jy die waarheid in liefde en werk so mee aan die groei in die gemeente en die bou-werk aan die Koninkryk van God?

Sing: Psalm 119:1 (1936)

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)